BYSAAK

# Die els wat blindes leer lees en skryf het

**Braille is nie net 'n stelsel van verhewe dotjies wat met die vingerpunte gelees kan word nie. Vir baie blindes is dit die sleutel tot hul onafhanklikheid. Hier bring JOHAN NEL hulde aan Louis Braille.**

Louis Braille, die man wat gesorg het dat blindes met behulp van hul vingerpunte kan lees en skryf, is vanjaar presies tweehonderd jaar gelede in 'n klein dorpie in Frankryk gebore.

Hoewel Louis as klein seuntjie normaal kon sien, het 'n els, die vlymskerp stuk gereedskap waarmee tuie- en skoenmakers gate in dik leer steek, gemaak dat hy op driejarige ouderdom blind geword het. 'n Paar jaar later was dit toevallig weer 'n els wat hom gehelp het om 'n metode te ontwikkel wat hom en duisende ander blindes ná hom gehelp het om te lees en te skryf en om soos siende mense kennis in te neem.

Louis se pa was die tuiemaker van die dorpie Coupvray naby Parys en die driejarige Louis, wat graag in sy pa se werkswinkel gespeel het, het homself per ongeluk met 'n els in die oog gesteek. Die wond het ontsteek, die ontsteking het na sy ander oog versprei en binne enkele dae was die seuntjie stokblind.

♦♦♦

Tweehonderd jaar gelede is blinde mense as onopvoedbaar beskou en feitlik almal was tot 'n bedelbestaan gedoem. Louis se ouers het egter moeite gedoen om hul seun so goed moontlik vir die lewe voor te berei.

Sy pa het hom die alfabet geleer deur spykers in die vorms van die verskillende letters op stukke leer vas te kap en dan sy seun se vinger oor die growwe letters te skuif. Later het hy 'n skryfding in sy seun se hand geplaas en hom gehelp om die letters op 'n lei neer te skryf.

Vader Jacques Palluy, die dorpie se priester, het ook kom help. Hy het Louis uitgeneem in die veld en hom geleer om die verskillende soorte voëls aan hul sang uit te ken, om blomme volgens hul geure te onderskei, om te weet wanneer dit dag of nag, winter of somer is. Hy het ook begin om die jong Louis van Christelike beginsels soos liefde en vergewensgesindheid bewus te maak.

Op sewejarige leeftyd is Louis skool toe. Hy was leergierig en was, ondanks sy blindheid, 'n topleerling in sy klas. Ná twee jaar in die dorpskool het die eise wat sy manier van leer gestel het – hy moes sy lesse deur gehoor inneem en agterna weer probeer oproep – net te groot begin raak.

Vader Palluy het van 'n plek in Parys gehoor waar blinde jeugdiges kan skoolgaan. Hy het vir Louis 'n beurs in die hande gekry en in 1819, kort ná sy tiende verjaardag, het Louis Braille met die poskoets na die Koninklike Instituut vir Blinde Jeugdiges in Parys vertrek.

Dié instituut was die wêreld se heel eerste skool vir blindes. Dit het blinde studente aan 'n wye verskeidenheid vakke blootgestel – van aardrykskunde tot wiskunde, geskiedenis, wetenskap en musiek. Louis het in al sy vakke uitgeblink en die meeste van musiek gehou. Hy was gou 'n goeie pianis en orrelis en het spoedig ook as orrelis by 'n kerk naby die instituut begin optree.

Die instituut het oor 'n biblioteek van twaalf boeke beskik – tamaai groot, dik boeke wat spesiaal in opgehewe letters gedruk was sodat blindes, as hulle die vorms van die letters geken het, dit met hul vingertoppe kon lees. Louis Braille het spoedig deur al twaalf boeke geworstel. Die res van sy studies het nie veel van dié in sy dorpskool verskil nie – die onderwysers het gepraat en die leerlinge moes dit wat hulle gehoor het, so goed as moontlik probeer onthou.

♦♦♦

In 1821, twee jaar nadat Braille by die instituut begin skoolgaan het, het 'n oudsoldaat, Louis Barbier, 'n leesmetode wat hy "nagskrif" genoem het, by die instituut kom demonstreer. Nagskrif is deur Napoleon se soldate ontwikkel om bevele woordeloos op die slagveld onder soldate rond te stuur.

Dit was 'n kode wat met behulp van twaalf opgehewe kolletjies op papier geskryf is. Dit was egter ingewikkeld en die soldate kon dit nie onder die knie kry nie. Maar die twaalfjarige Louis het onmiddellik die moontlikhede van nagskrif ingesien.

Hy het die kode vereenvoudig na ses opgehewe kolletjies wat makliker as twaalf onder 'n vingerpunt kon inpas. Die kolletjies het hy gemaak deur dit van die onderkant van die papier met 'n els op te druk. Binne drie jaar het Louise 'n volledige kode vir die alfabet uitgewerk.

In 1829, toe hy twintig jaar oud



Louis Braille en die skrif wat hy ontwikkel het. Foto: WWW.BLINDSA.ORG.ZA

was, het hy die wêreld se eerste braille-boek gereed gehad. Agt jaar later het Louis sy leesmetode verder uitgebrei deur nuwe simbole vir wiskunde en musiek by te voeg.

Hoewel hy intussen onderwyser by die instituut geword en voortgegaan het om sy manier van lees te verfyn en te verbeter, kon hy nie amptelike erkenning by die instituut vir sy unieke leesmetode kry nie. Die blinde studente was egter gaande daaroor en het dit almal nie-amptelik aangeleer.

Louis Braille is op 42-jarige leeftyd oorlede. Hy was brandarm en sy briljante nuwe leesmetode vir blindes is eers 'n paar jaar ná sy dood amptelik deur die instituut waar hy skoolgehou het, aanvaar. Daarna het dit blitsvinnig versprei sodat dit vandag wêreldwyd deur blindes aangegryp word as 'n kragtige kommunikasiemiddel waarmee hulle kan lees en skryf en kennis inneem.

♦ **Johan Nel is 'n vryskutskrywer wat naby Wellington woon.**

♦ In 'n artikel vir *Imfama*, mondstuk van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, skryf Reinette Popplestone braille is die eerste keer in 1891 na Suid-Afrika gebring deur 'n mnr. M.J. Besselaar. Hy het tydens 'n studietoer na Engeland en Nederland met braille kennis gemaak voordat hy in 1905 die prinsipaal van die Skool vir Blindes in Worcester geword het.

Nadat Afrikaans in 1914 bekend gestel is as onderrigtaal in skole, het Besselaar en sy kollegas aan die werk gespring om 'n Afrikaanse braille-kode in die lewe te roep, wat sterk op dié van die Britte gesteun het. Die eerste meganiese braille-drukker het in 1904 in Suid-Afrika aangekom.

In 1946 is die Suid-Afrikaanse Blinde Werkersorganisasie (SABWO) in die lewe geroep. Dié organisasie het hom sedert 1953 veral daarvoor beywer om braille geskrifte ook aan volwasse lesers beskikbaar te stel.

In daardie stadium het die drukkery by die Skool vir Blindes in Worcester al die leesmateriaal geproduseer wat dié skool nodig gehad het, maar dié drukkery kon nie ook in die behoeftes van volwasse lesers voorsien nie. Een staaltjie wat vertel word, is dat 'n blinde student aan die Universiteit Stellenbosch ses pond moes betaal vir 'n dun Afrikaanse digbundel in braille – en dit terwyl die weergawe in gewone skrif slegs 6 sjielings gekos het.

Die eerste brailledrukkery vir volwassenes het egter 'n beskeie aanvang gehad. Monica Kruger, 'n lid van SABWO, onthou nou nog hoe sy en haar gesiggestremde man, Ernst, hulle saans afgesloof het in hul woonstel in Johannesburg: Ernst sou met behulp van sy vergrootglas vir Monica tekste voorlees en sy sou dit in braille transkribeer sodat ander gesiggestremdes wel die universiteitsopleiding kon kry wat hulle nooit beskore was nie.

Dié nederige pogings het gegroei tot die organisasie Brailledienste in Mayfair, Johannesburg – deesdae die grootste braillevervaardiger in die land, met meer as 40 mense in sy diens.

Die SABWO (deesdae bekend as Blind SA) het ook 'n beduidende rol gespeel om te sorg dat brailleleesmateriaal aan kinders en volwassenes van ander rassegroepe beskikbaar was in hul moedertaal. Seker die grootste uitdaging – maar ook die grootste vooruitgang in die vervaardiging en beskikbaarheid van braille – het in die 1980's gekom met die aanvang van rekenaartegnologie en gerekenariseerde braille. Braille moes tred hou met die duiselingwekkende trajek waarop die gedrukte medium was.

Die grootste verskil was dat braille aan die begin van die vorige eeu vergelykbaar was met die skrif wat die Fonesiërs met 'n skerp instrument op 'n kleitablet gemaak het. Moderne rekenaartegnologie sorg deesdae daarvoor dat braille amper oombliklik gelees en geskryf kan word.

Dr. William Rowland, die blinde direkteur van die Suid-Afrikaanse Raad vir Blindes, het vroeër vanjaar op 'n braille-konferensie in Frankryk gesê Louis Braille het vir alle blindes 'n kosbare skat nagelaat.

"Braille is ons sleutel tot onafhanklikheid, dit skenk aan ons geleerdheid en die vermoë om te werk en te leef. Deur braille het ons as blindes geletterd geraak. Dit hou ons in kontak met die wêreld om ons." **– Willemien Brümmer**